



ELS NUUS – JANUARIE 2015

Campus Crusade for Christ SA



GCM (GLOBAL CHURCH MOVEMENT)

Liewe Vriende,

2015 is voluit aan die gang en ons wil jou en jou gesin 'n wonderlike en hoopvolle 2015 toewens en mag jy beleef hoe God jou drome 'n werklikheid maak. Mag jy die jaar ervaar hoe ons Vader deur jou werk om sy Koningkryk te vestig waar jy jou ook al bevind.

Ons wil graag met jou deel hoe die Pastorale Opleiding Skool gevorder het vanaf 2014 en hoe die Here wonderlik voorsien het tot dusvêr.

Die gebou het baie werk nodig, en omdat die dak van die gebou 'n dubbel volume dak het, het ons besluit om 'n ekstra vloer in die gebou in te sit om kantore te bou wat ons kan uit verhuur wat sal dien as 'n inkomste vir die Pastorale skool. Ons het met kollegas, vriende en familie die visie gedeel en die Here se voorsiening was verstommend. Besigheidsmanne, kerke en individue het gehelp om die bou projek aan die gang te kry en die gebou het 'n gedaante verwisseling ondergaan. Vriende bel van oral oor om boumaterial, wasbakke, toilette, vensters, stene, ens. te skenk wat ons gebruik vir die Skool. Wat 'n wonderlike ervaring om te beleef hoe ons Vader mense gebruik in Sy Koningkryk.

Ons plan is om die kantore op die eerste vloer eerste klaar te maak, sodat ons dit sou gou as moontlik kan uit verhuur sodat ons die inkomste kan gebruik vir 'n gedeeltelike befondsing van die skool. Die grond vloer sal daarna klaar gemaak word en omskep word in slaap en eet kwartiere vir die Pastore. Ons beplan om nie meer as 10 pastore per inname te vat nie en ons droom is om die eerste inname teen Mei 2015 te hê. Tans is ons besig met die elektrisiteit vir die kantore en ons kort nog verf en matte vir die kantore maar ons weet dit sal ook voorsien word. Geniet die volgende paar fotos soos die bouwerk verloop het.



Die gebou soos hy gelyk het net voordat ons begin afbreek het.



Hier is die meeste van die droë muur partisies afgebreek en die werkers besig om die steen gedeeltes af te breek.



Uiteindelik al die gebreek is af, nou net 'n lëe dop.



Die materiaal vir die vloer wat ons gaan insit arreveer.....



Eers die staalkonstruksie is in.....




En siedaar die vloer is in met sy trappe.....



Die hang plaffonne en toilette op die eerste vloer word geïnstalleer en die mure word glad gemaak.....



Die partities vir die kantore word geïnstalleer.....



Kyk net hoe mooi lyk die kantore nou....jy kan altyd een by ons huur as jy wil☺

Sê saam met ons dankie vir:

- elke persoon, besigheid en kerk, insluitende jouself wat 'n aandeel het in hierdie visie. Dit is vir ons onmoontlik om die pad sonder jou te stap.
- die Here se beskerming tydens 'n inbraak by die opleiding sentrum gedurende die vakansie. Minimale skade is aangerig en min materiaal is gesteel.
- Johan die eienaar van die gebou wat die fasiliteit vir ons beskikbaar stel sonder voorwaardes en vereistes. Hy is 'n groot seën vir ons bediening.
- twee anonieme besigheids manne wat saam meer as R 200 000-00 vir die bouwerk geskenk het tot dus ver.

Vra saam met ons:

- vir wysheid rondom elke besluit wat ons moet neem rondom finansies en die bediening self. Ons het Goddelike wysheid nodig.
- **dat elke besigheidsman en kerk wat by ons bediening betrokke is Jeremia 29:11 sal proklameer oor alles wat hulle aanpak**
- vir nog materiaal of donasies. Ons kort nog ongeveer R 180 000-00 vir materiaal en arbeid.
- dat ons as CCC 'n groter Geestelike impak in Brakpan en Ekurhuleni sal maak.

Groete

Tinus en Lana

Dankie vir u vennootskap met ons in ons bediening. Deur jou gebede en belegging bereik jy elke persoon wat ons bereik vir Christus.

Met groot waardering

Tinus en Lana Els

Kontak Besonderhede:

Tinus Els

E-pos: tinuse@cccsa.org.za

Sel: 0743344142

Lana Els

E-pos: lanae@cccsa.org.za

Sel: 0845797669

Bank Besonderhede

CCCSA

Absa

1500231366

Verwysing: 176495